

Sing vooraf staande: Psalm 118:8, 14 (p. 577)

- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 1-1:1, 2 (24:1, 2)

- 1 Geseënd sy bo alle dinge / die ewige God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge / vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore / en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore / voordat daar tyd of wêreld was.
- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe in dooie harte wek.

Gebed

Skrifberyming 18-3:8, 9 (29:8, 9)

- 8 “Laat ons verheug wees en verblyd, / en gee aan God die heerlikheid!
Ná leed wat ons gely het, / staan nou die bruilofsmaal gereed,
waarvoor die Lam se bruid haar kleed / van fynste stof berei het.”
- 9 “Dié skoonheid is aan haar gegee, / Gód het haar met dié kleed beklee
van reine en regte dade / En – salig hy wat tot dié maal
deur God genooi word en mag straal / in daardie lofgewade.”

Skriflesing: Matteus 18:21-35; Heidelbergse Kategismus, Sondag 51:126

Kernvers: Matteus 18:28-30, 35

Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy medediensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld. Sy mededienskneg val toe voor sy voete neer en smee hom en sê: Wees lankmoedig met my, en ek sal jou alles betaal. En hy wou nie, maar het gegaan en hom in die gevangenis gewerp totdat hy die skuld sou betaal het.

So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.

(Matteus 18:28-30, 35 AFR 1953)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondaars, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).

(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14.

Tema: Wat het God se genade nou aan jou en my gedoen?

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, ons hemelse Vader het inderdaad vir ons 'n baie groot geskenk gegee. Al ons nalatigheid in ons diens aan Hom, al ons moedswillige oortreding van elkeen van sy gebooe, sowel as ons sondige geaardheid, wat ons opreg en berouvol voor Hom bely het, het Hy geheel en al vergewe. Ter wille van die bloed van Christus het ons Vader ons verhoor en deur die kragtige werk van die Heilige Gees is ons skoon gewas van al ons sondes. Deur ons verbintenis aan en in Christus lyk ons in die oë van die Here soos mense wat nog nooit enige sonde gedoen of gehad het nie.

Hier aan die tafel van die Here het ons vanoggend in die tekens van brood en wyn die afskrif gesien van die kwitansie wat Jesus deur sy betaling vir ons sondes gekry het. Het jy ook jou naam op die kwitansie gesien? As jy jou naam ook op die kwitansie gesien het, is ek seker dat jy net so baie dankbaar en bly is soos ek. Daardie vrag sondes wat ons lewens versuur en bedruk gemaak het, is nou weg. Ek en jy hoef nie meer oor daardie ou sondes te tob nie, want ons Vader dink nie eers meer daaraan nie. Daarom is ek ook daarvan oortuig dat ons nie so afgrysig sal optree soos hierdie amptenaar nie.

Kom ons luister verder na Jesus se vertelling. Die koning het sy brandarm amptenaar 'n enorme hoeveelheid skuld kwytskeld. Toe die amptenaar die koning om genade smeek, het die koning hom uit sy hart uit jammer gekry en gesê: Toemaar, jy hoef nie een sent van hierdie R24 miljoen skuld te betaal nie. In sy vertelling skeep Jesus 'n verwagting by ons. 'n Mens verwag dat hierdie amptenaar nou baie dankbaar sal wees en net so goed soos sy koning sal wees.

Vir 'n tweede keer bring Jesus 'n wending in die verhaal. In plaas van dit wat ons verwag, gebeur die teendeel. Op pad huis toe loop hy een van sy medeamptenare raak wat hom maar 'n baie klein bedraggie van 100 pennings skuld. In ons geldwaarde is dit omtrent R3 840. Ons sien dat dit maar bitter min is teenoor die R24 miljoen rand wat hy sy koning geskuld het. En toe gebeur die onverstaanbare ding. Hierdie amptenaar het sy medeamptenaar nog nie eers gevra oor die geld wat hy hom skuld nie. Hy gryp hom eers aan die keel en eis sy geld by hom op. En as die medeamptenaar om genade smeek, net soos wat hy gedoen het by die koning, wil hy van niks weet nie. En omdat sy medeamptenaar hom nie kan betaal nie, het hy hom in die tronk laat smyt. Van R24 miljoen rand se skuld is hy heeltemal kwytskeld, en kyk wat vang hy aan vir R3 840. Broers, susters en kinders, ek is seker dat julle sal saamstem dat dit verregaande optrede van hierdie man is. Dit is seker die toppunt van onbarmhartigheid. Wil ek en jy ook geken word as iemand wat so ondankbaar en onbarmhartig is?

Die skokkende, geliefdes, is dat hierdie verhaaltjie wat Jesus vertel dag vir dag afspeel in die lewens van mense – ook in die lewens van Christene. Ons is ook dikwels onvergewensgesind, onbarmhartig en onversoenlik teenoor ons naaste. Wat hulle ons aangedoen het, word nou en dan onder hulle neuse gevryf. Ou koeie moet mos aanhoudend uit die sloot gehaal word. En hierdie optrede het al talle huwelike, gesinne, families, verhoudings en vriendskappe uitmekaar geskeur, net omdat ons dink dat die onreg wat ons aangedoen is so massief groot is.

Ons vra die Here baie maklik: Ons Vader, vergewe ons ons sondes. En ons weier net so maklik om ons naaste te vergewe. Miskien sal jy nou vir jouself sê: Ja, Dominee, jy kan maklik praat, maar jy weet nie wat dié een of daardie een aan my gedoen het nie. Dit is waar, broer en suster, ek weet nie wat die ander mens aan jou gedoen het nie, maar die Here weet. En die Here weet ook dat die ander persoon jou al opreg gevra het om hom of haar te vergewe. En die Here weet ook dat dit wat die ander persoon jou aangedoen het nie naastenby opweeg teenoor dit wat jy die Here aangedoen het nie, en die Here het jou vergewe omdat jy Hom opreg gevra het om jou te vergewe.

Nee, wag so 'n bietjie, sal jy dalk sê. Ek is nie só onvergewensgesind nie. Ek is bereid om my naaste te vergewe, maar die verhouding sal nie weer soos vroeër wees nie. Of miskien sê jy: Ek het die ander een vergewe, maar ek sal nooit vergeet wat hy of sy my aangedoen het nie. As ek en jy so sê, geliefde, beteken dit eenvoudig dat ons mekaar nog nie vergewe het nie. Daar is nog steeds 'n kloof tussen my en die ander een.

Dit is oor hierdie maniertjies van ons om die onreg wat ons aangedoen is so op te blaas, en intussen vergeet wat 'n geweldige groot skuld die Here ons vergewe het, dat Jesus sê: **So sal my hemelse Vader ook aan julle doen as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.** Hiermee bedoel Jesus nie dat ons hemelse Vader die vergiffenis wat Hy vir ons gegee het weer gaan wegvat nie. Die Here is nie soos 'n mens nie.

Ek lei twee betekenis uit hierdie woorde van Jesus af. Die een betekenis: Ons vra dat die Vader ons ons sondes vergewe, en nou verbeel ons ons dat ons vergewe is, maar dit het nog nie regtig gebeur nie, want die genade wat die Here al soveel keer aan my en jou bewys het, het nog geen positiewe uitwerking op ons lewens gehad nie. Die genade wat die Here vir ons gee, eis ons vir onself op maar ons is nie bereid om net so barmhartig teenoor ons naaste te wees nie. Wanneer ek nie bereid is om my naaste te vergewe nie, blokkeer ek self die verhoring van my gebed om vergewe te word. En jy weet net so goed soos ek hoe nodig ons dit het om deur God vergewe te word. En as ek my verbeel dat God my vergewe het toe ek dit van Hom gebid het, het ek my ook verbeel dat my naam op die kwitansie geskryf staan.

Die tweede betekenis: As kinders van God behoort ons al meer en meer die beeld van God in ons lewens te vertoon. Dit was al my en jou hoeveelste nagmaal vandag. En die Heilige Gees is aanhoudend besig om ons nuut te maak omdat ons kinders van God is deur Jesus Christus se verlossingswerk. Daarom roep Jesus ons op 'n ander plek op om net so volmaak soos ons hemelse Vader te wees. Dan bedoel Jesus dat ons ons naaste net so volmaak lief moet hê soos wat ons hemelse Vader ons liefhet. Toegepas op die gebed wat Jesus ons leer, beteken dit dat ek en jy ons naaste net so volmaak moet vergewe soos wat ons hemelse Vader ons vergewe.

Daarom leer Jesus ons om so te bid: **Ons Vader, vergewe ons ons skulde, net soos ons ons skuldenaars vergewe.** Met hierdie gebed herinner Jesus ons aanhoudend dat ons dankbaar moet wees oor die genade wat die Here aan ons bewys het toe Hy ons vergewe het. Hierdie dankbaarheid word konkreet in my en jou lewe wanneer ons begin om ons naaste ook van harte te vergewe soos wat die Here ons vergewe het.

Wat staan my en jou nou te doen as ons agtergekom het dat ons net so afgryflik is soos hierdie amptenaar van wie Jesus ons vertel het? Ek en jy sal daadwerklik ons naaste van harte moet vergewe en onself met hulle gaan versoen. Ons moet ophou om self die hindernis te wees wat maak dat ons nie werklike vrede in ons verhouding met die Here ervaar nie omdat ons nie so barmhartig soos ons hemelse Vader wil wees nie. Geliefdes, die Heilige Gees wil jou en my lei en help om so volmaak soos ons hemelse Vader te word. En hoe meer ons onself aan die heerskappy

van die Heilige Gees gaan onderwerp, hoe duideliker sal ons name ook word op die kwitansie wat Jesus vir ons aan die kruis verkry het.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Februarie 2012